

14 Januarie

Jeremia 31:31-34

Die ou bedeling word nuut gemaak!

Die ou bedeling (die tydperk voor Jesus Christus se geboorte in hierdie wêreld) wou maar net nie werk nie. Die hele Ou Testamentiese geskiedenis maak dit baie duidelik. Al het God 'n baie kosbare Verbond met Israel gesluit en al het Hy vir hulle sy Wet op kliptafels gegee, was die volk steeds ongehoorsaam aan God. Elkeen het net gemaak wat hy wil. Daarom het God uiteindelik, nadat Hy sy volk oor en oor deur die profete laat waarsku het, hulle in ballingskap laat gaan, as straf op hulle sondes. Die ou bedeling was 'n tydperk van ongehoorsaam en uiteindelik ook - straf op die sonde!

Maar, nou maak die Here goeie nuus bekend. God gaan 'n nuwe tyd laat aanbreek. En: In hierdie nuwe bedeling sal God sorg dat alles anders sal wees as vroeër. Hoe? Hy gaan sy Wet nie weer op kliptafels skrywe nie, maar op die harte en ook in die gedagtes van sy kinders. Die nuwe bedeling sal 'n bedeling van gehoorsaamheid en seën wees, omdat God se kinders Hom werklik sal ken en liefhê.

Die nuwe tyd (nuwe bedeling) het met die koms van Jesus Christus na hierdie wêreld aangebreek. Hierdie profesie van Jeremia is dus reeds bewaarheid. Deur Jesus Christus se kruisdood het Hy vir die sondes van God se kinders betaal (Sien vers 34). Die Heilige Gees, wat God met Pinkster na die wêreld gestuur het, is nou besig om God se Wet op die harte en in die gedagtes van God se kinders te skrywe. Wie is hulle? Hulle wat nou uit hulle harte uit aan God se Wet gehoorsaam wil wees en toelaat dat die Heilige Gees hulle in God se wil (Woord) onderrig.

Sing Skrifberyming 33:1 en 3

Ds. I.W. Ferreira (Wonderboompoort)